Constantiakruin *Gemeente*

17 Liebenberg Straat, Constantia Kloof, Roodepoort
Tel: (011) 475 1440 WhatsApp: 067 407 1059
Posbus 5008 Weltevredenpark 1715
info@constantiakruin.co.za

21 OKT 1973

# GEDENKTUIN

Naam van Afgestorwene: ______________________________

| NIS NOMMER | | | | | | | | | NIS NOMMER |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|

OOREENKOMS VIR
***BEWARING VAN OORSKOT IN GEDENKTUIN***
tussen
NEDERDUITSE GEREFORMEERDE GEMEENTE CONSTANTIAKRUIN (hierna genoem "die bewaarder")
en

Naasbestaande Volle Name: ______________________________

Naasbestaande Van: ______________________________

Woonadres: ______________________________

______________________________

______________________________

Poskode: ______________________________

Tel (h): ______________________________

Tel (s): ______________________________

Kontak Nommer: ______________________________
(gedurende die dag)

**1. UITLEG:**

In hierdie ooreenkoms

1.1 word opskrifte vir gerief gebruik en mag dit nie die uitleg van die ooreenkoms beïnvloed nie;

1.2 sluit, tensy dit anders uit die samehang blyk,

- woorde in die enkelvoud ook die meervoud in, en omgekeerd;
- woorde wat die manlike geslag aandui ook die vroulike geslag in en omgekeerd;

1.3 het die volgende woorde of uitdrukkings die betekenisse soos hier aangegee, tensy dit uit die samehang anders blyk:

"die gemeente" - Die NG Gemeente Constantiakruin

"die gedenktuin" - Die gedenktuin wat deur die bewaarder opgerig word/is op die terrein van die gemeente geleë te die hoek van Liebenbergweg en Yolanderylaan, Constantia Kloof, met die doel om as bewaarplek te dien vir veraste stoflike oorskotte.

"nis" - 'n Nis in 'n toepaslike muur in die gedenktuin met 'n gebruiklike graniet identifikasiesteen, met die keuse van 'n enkel nis of 'n dubbelnis. 'n Dubbelnis maak voorsiening vir die stoflike oorskot van twee persone.

**2. BEWAARGEWING:**

Die bewaarder sal die stoflike oorskot van die bewaargewer en/of sy genomineerde ná verassing ontvang en in bewaring hou.

**3.** Die bewaargewer sal reël dat sy naasbestaandes of genomineerde die verantwoordelikheid neem vir die plasing van die oorskot in die betrokke nis en vir die inskripsie en gravering op die identifikasiesteen, die koste waarvan gedra sal word deur die bewaargewer/sy naasbestaandes/genomineerde.

**4**. Die bewaarder sal die oorskot bewaar vir 'n tydperk van 30 jaar, onderhewig aan enige verlenging van die tydperk waarop die bewaargewer se naasbestaandes of genomineerde later mag ooreenkom met die bewaarder of sy opvolger in titel.

**5.** Indien die bewaarder gedurende die tydperk van 30 jaar of enige ooreengekome verlenging van die tydperk van perseel verander, dan sal die bewaarder die oorskot op eie koste hervestig in 'n vergelykbare fasiliteit op die bewaarder se nuwe terrein.

**6.** In die onwaarskynlike geval dat die bewaarder gedurende die tydperk van 30 jaar of enige ooreengekome verlenging van die tydperk ophou bestaan of indien die verskuiwing van die oorskot om enige rede noodsaaklik word ná die tydperk van 30 jaar, of ná enige ooreengekome verlenging van die tydperk, dan sal die bewaarder die oorskot in eie oordeel en op eie koste hervestig in 'n gesamentlike grafkelder of graf, met die toepaslike inskripsie daarby.

**7.** Die bewaarder sal
- 7.1 volledig rekord hou van alle bewarings van oorskotte in die tuin; en
- 7.2 alle redelike stappe doen om die oorskot te hou in 'n netjiese, aantreklike en toeganklike omgewing.

**8.** Die bewaarder aanvaar geen aanspreeklikheid ten aansien van enige gebeurlikhede buite die beheer van die bewaarder wat die oorskot versteur of die omgewing benadeel nie.

**9.** Ter wille van die netheid en aantreklike voorkoms van die gedenktuin sal die bewaarder 'n fasiliteit voorsien op 'n sentrale plek in die gedenktuin vir die plasing van blomme daarin.

**10.** Vir die voorgenome benutting van 'n nis is die bedrag van R3 500,00 per nis (enkel sowel as dubbel) deur die bewaargewer aan die bewaarder betaalbaar by ondertekening hiervan.

**11.** Indien die bewaargewer om enige rede hierdie ooreenkoms kanselleer of indien sy naasbestaandes of genomineerde besluit om die oorskot uit die gedenktuin te verwyder, is die voormelde bedrag nie terugbetaalbaar nie. Die bewaarder aanvaar nie aanspreeklikheid vir die koste van die verwydering van die oorskot uit die gedenktuin nie.

**12.** Die bewaargewer mag sy regte en pligte ingevolge hierdie ooreenkoms sedeer en delegeer met skriftelike kennisgewing aan die bewaarder en onderhewig aan die goedkeuring van die bewaarder, welke goedkeuring nie onredelik weerhou sal word nie.

**13.** Die bewaargewer sal skriftelike kennis van sy adresveranderings aan die bewaarder gee.

GETEKEN te ________________________ op hierdie _____ dag van ________________________ 20 ____

________________________________ ________________________________

BEWAARGEWER AS GETUIE

GETEKEN te ________________________ op hierdie _____ dag van ________________________ 20 ____

________________________________ ________________________________

BEWAARDER
CONSTANTIAKRUIN GEMEENTE

AS GETUIE